# Algemene Oueromsendbrief nr. 01 van 2026

27 Januarie 2026

Geagte Ouers/Voogde, Personeel en Leerders

2026 het met mening begin en die Blou Masjien se rewolusies is reeds bykans in die rooi, maar dit is 'n goeie ding dat ons dadelik besig is en volspoed hardloop. Ons het baie werk om te doen.

**1. Leerders:**

Welkom aan ons graad 8-leerders en ouers. Op 25 Januarie het ons 213 nuwe graad 8-leerders in die skool. Ons is reeds merkbaar opgewonde oor die talente van die groep en is opgewonde oor die bydrae wat hulle tot die skool gaan lewer. Dankie aan almal wat die graad 8-inhuldigingsoueraand bygewoon het. Hierdie span ouers, leerders en onderwysers gaan groot dinge doen!

Heelwat leerders het ook nuut by ons aangesluit en ons wens is dat julle verbondenheid aan ons skool 'n baie spesiale ervaring sal wees en dat ons skool die voertuig tot 'n blink toekoms sal wees.

Ons matrieks van 2026 is reeds hard aan die werk en baie besig met allerlei skoolaktiwiteite. Graag lê ek klem op ons 5% uitdaging en weet dat julle dit kan doen. Onthou net elke dag die span mense om jou en gebruik ons om die beste jy te wees wat jy kan. Ons matriekouers moet aan die bakkie vasklou. Hierdie is 'n wille jaar wat ongelooflik vinnig verby gaan met baie dinge wat gebeur. Praat gou met ons indien nodig. Moenie wag nie. Ons is almal saam in hierdie ding. En…..dit gaan werk!

**2. Onderwysers:**

Ons het in 2025 'n groot personeelwisseling weens aftredes, bedankings en bevorderings beleef en begin vanjaar met 'n klomp nuwe mense. Eerstens is ons dankbaar dat ons die

vakatures met bekwame en ervare vakkundiges kon vul. Ons het bepaald 'n vakkundige in elke klas en dit is 'n besondere voorreg.

Ons is verder baie opgewonde oor ons nuwe personeel. Elkeen het 'n unieke stel vaardighede en bekwaamhede wat ons geledere substantief versterk. Ons vertrou dat ons skool vir elkeen 'n uiters positiewe lewenservaring sal wees en dat hulle die vrymoedigheid sal hê om tot volle selfverwesenliking op ons skoolakker te kom. Ons verwelkom graag die volgende personeel in voltydse poste:




Gedurende 2025 het vakatures ontstaan en is die volgende personeel intern bevorder om diens in noodsaaklike bestuursareas te doen. Hulle is as volg:





### 3. Sport- en bemarkingsentrum:

Ons gee vanjaar 'n tree nader aan meer gespesialiseerde dienste by die skool met die stigting van 'n sport- en bemarkingsentrum. Die volgende struktuurdiagram wys watter

personeel voltyds in hierdie ampte sal dien. Dit is 'n eerste tree om ons skool se diensaanbod meer professioneel te maak.




**4. Leerdergetalle:** (Op 25 Januarie 2026 is daar 995 leerders in ons skool.)




**5. Matriekuitslae 2025**


177 kandidate het eksamen geskryf. Ons slaagsyfer was 100%.


98% van die kandidate kwalifiseer om vanjaar tersiêre studies by universiteite en kolleges te onderneem. Slegs 2% kan nie verder aan formele studies deelneem nie.


326 onderskeidings is behaal (sluit IEB AP-Maths in). Dit is dan 1,84 A's per kandidaat en sorteer ons in die TOP 20 Afrikaanse skole in Suid-Afrika met verwysing na die aantal A's per kandidaat.

Ons top-presteerders is reeds op sosiale media aangekondig met gelukwense aan Rico Vosloo wat die hoogste gemiddeld aangeteken het.

Hiernaas enkele grafieke vir 'n beter begrip van resultate behaal.




## 6. Skoolverjaarsdag:

Almal weet teen hierdie tyd dat ons skool vanjaar op 17 Januarie 60 jaar oud geword het. Eers was dit Ferndalese Hoërskool, maar het vinnig in Randburgse Hoërskool en later Hoërskool Randburg verander. Volg ons op sosiale media vir opkomende aktiwiteite. Hier is 'n voorsmakie van wat te wagte kan wees:


















Ons jaarlikse gholfdag, bekend as die Randburg Masters, vind ook op 29 Julie 2026 plaas.

Ons tema vir vanjaar fokus op die gesin en u sal merk dat kostes ten doel het om ons uitgawes te dek, behalwe die dames-rolbaltoernooi en gholfdag. Dit is groot fondsinsamelingsprojekte.

Kom ons vier die 60 jaar deur te fokus op dit wat vir ons almal die belangrikste is, nl. ons familie.

**7. Kom ons doen iets spesiaal vir ons kinders:**

Ons het vanaf graad agt vyf jaar tyd om 'n daadwerklike impak op ons kinders te maak. Dit is toenemend belangrik dat ons na graad 12 jong volwassenes die wêreld sal instuur wat hulleself met onderskeiding op universiteit, kollege of in die werkplek sal kan handhaaf.

- *Dit begin by die kwaliteit mens –*
  - ★ 'n Gesonde, realistiese selfbeeld wat oorwinnings en teleurstellings met veerkragtigheid kan hanteer.
  - ★ 'n Positiewe en optimistiese lewenshouding is krities en nooit mag ons kinders 'n slagoffermentaliteit ontwikkel nie.
  - ★ Werksetiek en deursettingsvermoë is onontbeerlik. Ons moet hulle leer van "'n Randjie gaan lê nooit".

- *Dan is kognitiewe ontwikkeling krities –*
  - ★ Ja, ons moet kan feite weergee en eksamen slaag, wat beteken dat ons moet leer, luister en onthou.
  - ★ Meer as dit egter soek ons mense wat krities kan dink en probleme oplos. Sien die gepaardgaande diagram oor die kritiese stappe nodig om denkers die wêreld in te stuur:




- *Dan natuurlik die fisiese:*
  - ★ 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Eet reg, slaap genoeg en neem vir liggaamsontwikkeling en koördinasie aan sport deel.
- *Die geestelike en emosionele aspekte van menswees groei ook dinamies in hierdie tyd.*
  - ★ 'n Veilige ruimte by die skool en huis word gekenmerk deur aanvaarding, respek en samehorigheid wat ter ondersteuning van die individu sensitief, voorkomend en remediërend optree. Kom ons ken mekaar en leef die Liefdesgebod van ons Skepper voluit.
- *Sosiaal*
  - ★ Elke mens is 'n sosiale wese wat ander mense om hulle vir funksionering nodig het. Party baie mense, ander min, maar geen mens leef natuurlik in isolasie en alleen nie.
  - ★ Ons moet by ander mense leer, dat hulle ook bestaansreg het en leer om te fokus op ander se sterkpunte en te bou aan elkeen wat ons ontmoet. Ons moet doen aan ander soos ons aan onsself gedoen wil hê.

## 8. Slot

Mag hierdie skoolwapen ons in 2026 tot 'n dinamiese en gesonde gemeenskap saambind wat gekenmerk word deur morele konsensus van wat reg en verkeerd is en ons waardes van eertyds weer ter ere van ons Skepper ontdek en uitleef.

Mag 2026 = 2+0+2+6 = 10: 'n jaar van volpunte vir almal wees.

Vriendelike Randjiegroete,

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za